**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MUSIEK SG**
**(Eerste Vraestel: Harmonie en Komposisie)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 75**

---

**BENODIGHEDE:**

- Elke kandidaat moet van DRIE velle musiekmanuskrip-papier voorsien word.
- **Elke kandidaat moet toegang tot ? klavier hê vir die volle tydsduur van die eksamen**. Geen kandidaat mag egter ? ander kandidaat steur nie, en ook nie op enige gegewe moment ? klavier met ? ander kandidaat deel nie.

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie eksamenvraestel dien ook as ? **antwoordboek**.
- Vul jou eksamennommer duidelik op hierdie antwoordboek in.
- Maak seker dat jou notasie duidelik en ondubbelsinnig is.
- Beantwoord **Vraag 1** OF **Vraag 2**, en beantwoord AL die ander vrae.

---

Beantwoord Vraag 1 **of** Vraag 2.

## VRAAG 1

Toonset EEN van die volgende gedigte. Kies ? geskikte stemtipe, toonsoort en tydmaat. Skryf die woorde netjies onder die melodiese lyn neer. **[15]**

| | | |
|---|---|---|
| Kom na my tuin waar die donkerrooi rose<br>Duist're geheime vertrou aan die nag;<br>Sonnestraal-kusse en suidewind-koue,<br>Drome en liefde die lang somerdag.<br><br>A.G. Visser | **OF** | When you're in the city<br>Shuffling down the street,<br>A bouncy city rhythm<br>Starts to boogie in your feet.<br><br>Gareth Owen |

Stemtipe: ________________________

**OF**

## VRAAG 2

Brei die gegewe aanvangsmate uit tot ? **simmetriese melodie van agt mate**. Dui aan vir watter stemtipe of instrument die melodie bedoel is. Voorsien die melodie van tempo-, artikulasie- en dinamiek-aanduidings. **[15]**

Stemtipe of instrument: ________________________



**EN**

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die tweestemmige oefening en voer die opdragte uit.

Maat 1 Skryf ? rusteken in die boonste stem. (1)

Maat 2 Watter stelling beskryf die eienskappe van **(a)** korrek?
Dui jou keuse aan met ☒. (1)

☐ sekwens

☐ nabootsing op dieselfde toonhoogte

☐ melodiese omkering


☐ nabootsing op ? ander toonhoogte

Maat 3 Dui ? motief en sy sekwens aan deur twee hakies bokant die motiewe te skryf en die sekwens met **(b)** te nommer. (1)

Maat 4 Watter soort kadens word in hierdie maat gevorm?

________________________________________ (1)

Maat 7 Plaas ? toevallige teken in die boonste stem om te voorkom dat daar ? vergrote interval in die melodielyn sal wees. (1)



3.2 Voltooi die onderstaande passasie in **tweestemmige kontrapuntale styl** deur die ontbrekende stem by te voeg. Behou die styleienskappe van die gegewe materiaal. (15)



**[20]**

**EN**

**VRAAG 4**

Harmoniseer die sopraanmelodie vir ? **vierstemmige gemengde koor (SATB)**. **[20]**




**EN**

## VRAAG 5

Skryf die volgende akkoorde in vierstemmige harmonie op die plekke wat aangedui is. **[5]**


(a) Die leitoonakkoord in eerste omkering (vii°6, vii°b) (1)

(b) Die dominantsewende akkoord in tweede omkering ($v^{4}_{3}$, $V^{7}_{c}$) (1)

(c) Die dominantsewende akkoord in grondposisie (V7) (1)

(d) ? Kadensiële $^{6}_{4}$ (Kadensiële tweede omkering) (1)


(e) Voeg ? deurgangsnoot by in enige van die stemme. (1)




**EN**

## VRAAG 6

Beantwoord die vrae oor die gegewe uittreksel uit ? vierstemmige koraal. **[15]**




6.1 Noem die toonsoorte en tipes kadense by **(a)**, **(b)** en **(c)**. (6)

(a) ____________________________________

(b) ____________________________________

(c) ____________________________________

6.2 Is die omkringde note by **(d)**, **(e)** en **(f)** harmonienote of non-akkoordnote? Indien hul non-akkoordnote is, noem dan die tipe van elkeen. (3)

(d) ____________________________________

(e) ____________________________________

(f) ____________________________________

6.3 Noem die toonsoorte en besyfer die akkoorde by **(g)**, **(h)** en **(i)**. (6)

(g) ____________________________________

(h) ____________________________________

(i) ____________________________________

**TOTAAL: 75**

**EINDE**